# DIE REDAKTEUR NEEM AFSKEID

Sedert die stigting van die Suid-Afrikaanse Historiese Genootskap in 1956 was die redakteur van sy mondstuk, *Historia*, verbonde aan die Universiteit van Pretoria. Met hierdie uitgawe van die tydskrif kom dié lang verbintenis tot 'n einde. **Hoewel die sekretariaàt van die Genootskap steeds aan die Universiteit van Pretoria verbonde is**, skuif die redakteurskap oor na die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, en meer spesifiek na die Vaaldriehoekse Kampus van die PU vir CHO, waar prof. Johann Tempelhoff as redakteur sal oorneem.

Namens alle vorige redakteurs en myself wil ek redaksies, keurders, medewerkers en lesers van harte bedank vir hulle ondersteuning van *Historia* oor meer as veertig jaar. Dit is 'n werk wat hoë eise stel, maar die beloning in die vorm van 'n platform vir die neerslag van historiese navorsing is groot.

My beste wense vergesel *Historia* op die pad vorentoe. Sterkte aan die nuwe redakteur — mag *Historia* steeds van krag tot krag gaan.

Fransjohan Pretorius